Pretoria- 15 Junie 2013

**Skriflesing:** 1 Thessalonicense 5:1-11
Teks: **1 Thessalonicense 5:-3-5**
**Sing: Ps. 68:1,13; Ps. 103:2; Ps. 34:8; Ps. 105:11,23**

**1 Thessalonicense 5:1-11**
1Th 5:1 Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie;
1Th 5:2 want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.
1Th 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.
1Th 5:4 Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.
1Th 5:5 Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.
1Th 5:6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.
1Th 5:7 Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.
1Th 5:8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.
1Th 5:9 Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus
1Th 5:10 wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.
1Th 5:11 Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.

**Skriflesing:** 1 Thessalonicense 5:1-11
Teks: **1 Thessalonicense 5:-3-5**
**Sing: Ps. 68:1,13; Ps. 103:2; Ps. 34:8; Ps. 105:11,23**

Broeder en suster- In hierdie reeks uit Thessalonicense het ons dit nou al dikwels agtergekom dat wanneer Paulus met die gemeente in Thessalonika praat, dan is hulle iets van 'n modelkerk. Daar is so baie dinge waaroor hy hulle prys en waarvoor hy dankbaar is. Dinge waarin hy die hand van die Here so duidelik kan raaksien. Hulle wat die Woord sy volle kring-effek gee, hulle wat soos 'n uitsaaistasie van God se Woord hulle stemme laat hoor, die Woord *weerklink* na baie mense, selfs van hulle ná ander lande (1:8), daar is bekering by hulle (1:9)- hulle het nie 'n omkeer-strategie in hulle kerk-wees nodig soos dit vandag ná gekyk word nie. God het hulle reeds omgekeer, sodanig dat hulle 'n gemeente is wat ingestel is op die koms van Jesus Christus. Ja, ons het dit by elke hoofstuk kon aantoon hoe die wederkoms van Jesus Christus soos 'n goue draad dwarsdeur hierdie eerste brief van Paulus wat hy ooit aan 'n gemeente geskryf het, deurgevleg is.

Vandag is hfst. 5 by die ent van die draad. Ons het gesien dat al is hierdie 'n modelgemeente, dit is alles behalwe 'n volmaakte gemeente. Die twee laaste hoofstukke van die eerste brief is Paulus besig met dinge wat hy agtergekom het in hulle geloof ontbreek. Hy sê dit ook in hfst. 3:10- *om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek.*

Verlede Sondag was ons by die feit dat mense in die gemeente te sterwe kom. Iets wat hulle anders wou hê. Hulle het verwag Jesus gaan gou na ons terugkeer, so gou dat vóór daar weer enigeen van hulle te sterwe kom dan het Jesus se terugkoms reeds plaasgevind. Paulus wys op die grafte waarby hulle nog sal moet staan. Die hartseer feit van my geliefde kom te sterwe, waarby mens mag voel ek het alles verloor, die sin van my lewe, daar is vir my geen toekoms meer nie, ek is werklik alleen... Ja broeder en suster, die dood en die hartseer daarrondom, ons as mense kan die dinge nie sagter maak nie. Wanneer die grond op 'n kis val, as daardie geluid die enigste moes wees wat ons moet hoor, dan is die graf sekerlik die verskriklikste plek wat 'n mens by moet uitkom. Tog het ons heeltemal ander geluide, hééltemal 'n ander boodskap kon hoor as wanneer 'n graf toegegooi word, want het die Here vir ons gesê dat ons nie *onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.*

Ons kon hoor van die opstanding, ons kon hoor van die gelykmaking dat dié wat ontslaap het eerste sal opstaan, ons kon hoor van die heerlikste ontmoeting wat daar vir ons kan wees, om Jesus met sy terugkoms in die lug tegemoet te gaan, ja die wonderlikste geluide wat so anders klink as die kluite by 'n graf is al die klanke van vers 16- 'n drie-dubbele boodskap, *die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep,* dan kom die tweede geluid- *die stem van 'n aartsengel...*die derde geluid *die geklank van die basuin van God.* Ja, hfst. 4 het dit saamgevat met ons sal dan altyd by die Here wees en was dit nie wonderlik om te weet dit is waarmee ons mekaar kan bemoedig.

***

Nou staan hfst. 5 weer duskant die graf. Daar waar u en ek vanoggend nog weer na onsself moet kyk. Ja, hfst. 5 kan ons 'n hoofstuk van selfondersoek noem. Ons het nie die hele hoofstuk vandag gelees nie, maar in sy geheel het hierdie hoofstuk ons wil bring met 'n duidelike greep wat ons op die lewe moet verkry. Ons kan nie ons sterfdag bepaal nie, ons kan ook nie die datum van die wederkoms bepaal nie, dit is alles groot dinge heeltemal buite ons beheer, maar kyk na die dinge wat God wel binne jou beheer geplaas het. Kyk na jouself, kyk na die kerk waar jy kind van God is, kyk na die wêreld waarbinne jy leef, kyk na die toestand waarbinne ons verkeer, dan sal jy besef ek het baie om voor te lewe, maar ek moet rég lewe. Daar is dinge waarvoor ons verantwoordelikheid moet aanvaar. Die gemeente waarin ek is, moet onderskei kan word van wat in die res van die stad aan die gang is.

Ja, broeder en suster as u met hierdie oog na hfst. 5 kyk dan sal u deurlopend twee sake raaksien. Die *plek* wat ons as gemeente onsself in hierdie wêreld mee bevind. En gelyklopend stel Paulus in hierdie hoofstuk ons voortdurend voor die vraag, nie net na wat is my plek in hierdie wêreld nie, maar wat is my *lewenshouding*. Wat is my ingesteldheid, wat is my gesindheid terwyl ek oor sekere dinge nie beheer het nie, maar wat doen ek wel met die dinge waaroor ek wel verantwoordelik gehou kan word. Dit waaroor ek in beheer kan wees- is ek hierin 'n mens van die lig, 'n mens van die dag, is ek wakker, is ek nugter, ek ek reg aangetrek met die klere van geloof, hoop en liefde.

***

Ons plek, ons lewenshouding, word sommer dadelik in een sin opgevat. Ons leef in 'n bepaalde tyd, ons leef ook met bepaalde geleenthede voor ons. Paulus sê vir hulle in vers 1- *hy het nie nodig om oor die tye en geleenthede aan hulle te skryf nie...* maar dan wil hy wel by die impak daarvan dit duidelik maak watter impak het die tye en geleenthede op jou en my. In besonder dit waarmee die hele brief hoofstuk na hoofstuk aanmekaar verbind is, die feit van die wederkoms.

Ons staan nog vóór die wederkoms, wat beteken ons leef in tye wat impliseer ons tye is saamgestel in bepaalde periodes. In die boek Daniel kry ons ook so die uitdrukking van *tye en geleenthede...*(Dan 2:21; 7:12) Die woord *tye* sê vir ons in die lewe gaan jy agtergekom dit is nou die periode wat ek binnetree. God het die geskiedenis in periodes ingedeel. Dit is hoe die geskiedenis verloop, in periodes. Maar tye word ook opgevolg deur *geleenthede...*

Geleenthede beteken in die verloop van tyd gaan daar keerpunte wees, daardie dinge wat gebeur wat aan jou en my lewe 'n heel nuwe koers gaan gee. Ja, dit is beslissende momente, wat ons weet hier het dinge gebeur wat mens sal sê hier het alles onomkeerbaar verander. Israel se uittog uit Egipte, die geboorte van Jesus Christus, sy sterwe aan die kruis, ook sy wederkoms, dit het nie net met tye te doen nie, dit het met geleenthede te doen. Dinge het onomkeerbaar verander. Ja, so weet ons sy wederkoms sal weer so iéts wees. Onomkeerbaar, finaal, allesinsluitend en alles bepalende geleentheid sal dit wees!

As God op die laaste dag gaan ingryp, daardie oomblikke, daardie tydstip wat alles halt gaan roep, die geskiedenis sal gaan stilstaan, waar gaan ek en jy ons bevind? Ons het wel verlede Sondag gesien die heerlike ontmoeting wat daar vir God se kinders gaan wees, hoe ons Christus al in die lug tegemoet sal gaan. Christus wat met sy kerk hierdie aarde, dan 'n nuwe

aarde ten volle gaan betrek. Dit geld ewe veel vir die gelowiges wat gesterf het en vir die gelowiges wat dan nog in lewe sal wees, maar hfst. 5 in aansluiting by hfst. 4 trek die konsekwensies net nog verder deur. Die ongelowiges, vir hulle gaan daardie dag iets verskriklik wees, hulle hele wêreld gaan inmekaartuimel, dit gaan hulle so onverwags oorval, ja dit gaan oor hulle kom *soos 'n dief in die nag*... Die utopia wat die mens op aarde dink om te skep, daarvan sal niks oorbly nie. 'n Soewereine daad van God wat 'n einde aan dit alles sal bring.

***

Maar nou het ons in Thessalonicense verlede Sondag al begin praat van die skeidingspakkette wat ons in die brief aantref. Paulus wat onverwags van die gemeente geskei is, die skeiding wat ons nou by 'n oop graf elke keer beleef, daar gaan wéér hereniging wees. Hfst. 5 is ook gelaai met skeidingspakkette wat ons nie tot hereniging roep nie, maar tot werklike diepe skeiding. Ons word daartoe opgeroep dat ons plek in die wêreld ons oproep en dwing tot 'n ander ingesteldheid in hierdie wêreld. Ons lees dat Paulus hier nadruk lê op die ware kerk en hulle wat die ander is. In hfst. 4 staan ons moet nie treur *soos die ander wat geen hoop het nie*... vandag in hfst. 5 staan *ons moet nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker en nugter wees* (v.6).

Mense wat hierdie wêreld sien as só wonderlik, hulle is dié mense wat vir jou sal vertel hier is alles goed en wel. Mense wat sê dit is *vrede en veiligheid*...(v.3). Sulke mense wat nie daarvan hou as hulle op die teendeel gewys word nie. Moet nie ons rus en ons welvaart versteur nie. Moet ons nie in ons voorspoed bedreig nie. Moet nie praat téén wat ons as ons lewe beskou nie. Ons tydsgees, ons regte, ons polisse, ons voel geborge, moet nie branders maak nie. Moet ons bootjie nie skud nie...Sulke mense leef in 'n totale gerustheid. Ja, die profeet Jeremia het in hfst. 6 ook onder sulke mense met so 'n ingesteldheid deurgeloop. Jeremia wys ook hoe die mense sy prediking as uiters lastig ervaar het. Hy moet tog nie so negatief wees nie. Hy moet ons nie altyd wil dreig nie. Alles sien hy net as oordeel en gerig.

Paulus bring ons weer hierby, dat die mense wat so hulle eie bootjie net rustig wil roei, die kerkraad, my dominee, die kerk moet nie aan my karring nie, ek is rustig, my lewe is vrede en veiligheid – dit is vir hulle wat die Here sê – *dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie*...

Ons sien verskeie dinge wat gaan gebeur. Daar is ’n onverwagsheid van gebeure, daar is ook ’n intensiteit van hoe dinge gaan oploop en oploop. Eerste die intensiteit van slegte dinge wat al slegter gaan word. Net soos in ons land het die duister magte al hoe meer mense in ’n geweldige magsgreep. Alles word al meer relatief en aanvaarbaar voorgestel. ’n Vaste maatstaf soos God se Woord, word al hoe meer bevraagteken. Sekere gedeeltes wat mense voorstel as dit kan nie meer aanvaar word in wat in God se Woord staan nie, daarom kan ons kies watter deel is nog van toepassing, watter dele moet by ons verbygaan. As ons praat van ’n relasionele waarheidsbeskouing dan gaan dit daaroor dat die mens maak homself/haarself die maatstaf.

Al hoe meer dinge word aan my eie sieninge en oortuiginge en behoeftes gemeet en dit wat daarmee saamgaan dit gaan deur. My regte en my oortuiginge en my behoeftes moet bepalend wees. So raak ons al meer ingetrek in ’n al hoe sterker draaiende maalkolk van dinge wat handuit ruk. Die situasie op van ons myne, die salarisse wat mense op plase vir hulleself wil opeis, met wat daarmee gepaardgaan, die vlak van politiek wat letterlik in die riool begin plaasvind, nie net meer figuurlik nie

Dit maak die lewe nag. Daardie oproep in Jesaja van *Wagter, hoe laat is dit in die nag, wagter hoe laat in die nag?* Dit laat ons terselfdertyd vra- Wanneer kom die Here se dag? ’n Dag wat soos ’n paradoks gaan wees, ’n geweldige ironie, want dit gaan wees soos ’n dief in die nag. ’n Dag wat vir baie soos in die nag gaan wees, soos ’n dief in die nag. Vir die slapendes, selfs slapende kerke kom die dag soos ’n dief in die nag. Die Here sê in Openbaring aan sy slapende kerk Sardis dat Hyself op hulle sal afkom soos ’n dief in die nag. Daar gaan nie ’n waarskuwing wees nie. Iemand wat ’n afspraak gaan maak, ’n hek wat ek kan hoor oopgaan, ’n deurklokkie wat gaan lui nie, nee so min soos ek vooruitweet wanneer gaan ’n dief my oorval, so min kan ons hier ’n voorspelling wil maak van dit is die dag, dit is die datum, dit is die tyd wat dit alles gaan plaasvind.

Die plek van die ware kerk is om altyd bedag te wees. Letterlik bedag in die sin van wees mense van die dag, kinders van die lig. Hoe troosvol as Paulus vir die gemeente sê julle kan dit wees...*ons is nie van die nag of die duisternis nie*... Ons plek is om “dagkerk” te wees, ons ingesteldheid moet wees ons moet waak, ons moet nugter wees, wees ten volle bewus van hoe jy nou lyk bepaal hoe jy sal lyk. Moet nie roep vrede, vrede, alles is reg en veilig en daar is so baie mense wat God nie in vrede na kyk nie. Ons moet besef watter gevare daarbuite is,

maar watter gevare daar ook van binne is. Die dief kom van *buite,* die verderf kom van *binne*... Ja, die oorsaak van vernietiging lê in die wêreld self. Die sondige wêreld dra die oorsaak van sy vernietiging in homself.

Die kerk is hierby nie uitgesluit nie. Die ergste is wanneer die kerk nie meer luister na die Here se Woord nie. Die kerk het vêr geval as hulle nog wel van die evangelie praat maar nie meer in geloofsgehoorsaamheid na die evangelie luister nie. Wanneer alles maar na omstandighede aangepas moet word en die evangelie word vir die geleentheid gebuig. Alles word na die weg van die minste weerstand afgehandel.

Dan is ons nie meer kinders van die lig nie. Daar is so 'n ryke Bybelse betekenis om kind van die lig te mag wees. Vanuit die Ou en die Nuwe Testament waar die dag sinoniem met lig gestel word dat die ware lig, Jesus Christus, Hy is die Een wat die mens verlig. Hy wat na hierdie wêreld gekom het. In Jesaja 60:1 het ons al die oproep *Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.* Wanneer hierdie gemeente van Thessalonika kinders van die lig genoem word, kinders van die dag dan word hulle in die nouste gemeenskap met Hom wat die ware Lig is, Jesus Christus geplaas. Die Johannes-briewe gebruik baie keer die lig-metafoor. Dit is 'n kenmerk van God se mense, in God se koninkryk is God se lig, terwyl duisternis wys op die sondige, die slegte, die onbekeerde goddelose wêreld. Ja, hoe dikwels hoor ons dat God ons geroep het uit die duisternis en in sy wonderbare lig wil stel.

***

Daarom broeder en suster, ons plek is waar die lig is, ons ingesteldheid moet wees om die lig uit te dra, terwyl ons plek nie is om in die donker die werke van die duisternis te doen nie. Daar waar die dief jou kan oorval nie, want die kind van die Here is altyd op die koms van die Here bedag. Al weet ons nie wanneer nie, hoef sy koms ons nie te oorval dat ons sal sê maar ons het Hom nie verwag nie. Vv. 6-7 wys daarop *6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. 7 Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.* Dit moet ons besef die goddelose het nie 'n saak met die tye en geleenthede wat ons hier in die begin vandag gelees het nie. Om dinge in die geskiedenis te sien gebeur wat ons duidelik na God se Woord kan herlei daarvoor is hulle oë toe. Hulle is aan die slaap om die tekens van die tye te lees. As hulle nie eers daarna kyk nie, nog minder is hulle gesteur aan die feit dat Christus wéér gaan kom. Dit is vir hulle asof dit

net nie sal wees nie. Hier rondom gebruik Paulus weer twee alledaagse beelde, hulle is deur die slaap, soos in ’n droomwêreld lewe hulle, ja Paulus gebruik ook die beeld van hulle is soos iemand wat te veel gedrink het...hulle is dronk.

’n Gelowige wat vandag luister na wat die Here sê moet ’n wakker en ’n nugter mens wees. Dit is nie die wêreldse liggies wat hom/haar bekoor nie, maar hy/sy is iemand wat hier gaan uitgaan onder die besef daarbuite is dag, daarbuite skyn God se lig, ek moet deel van die dag en die lig wees, daarbuite word van my verwag om gelowig my hart te beskerm, daarom is my geloof my borswapen, daarbuite moet ek in liefde die lig van God se Woord laat skyn, daarbuite, daar moet ek die dag, moet ek die lig soek deur my kop skoon te kry deur as helm op my kop te dra *die hoop op die saligheid.* ’n Beskermende hart, ’n liefdevolle lewe, ’n kop wat nugter is, wat die lewe in die oë kyk gaan die lewe in en al sterwe ek dan weet ek, ek lewe nog. Die lewe in Jesus Christus is tog die ware lewe, want die aardse dood, Paulus praat in vers 11 van die aardse dood in die sin ek gaan slaap, *of ons waak of ons slaap* ons kan saam met Jesus Christus lewe. Ja, geliefdes, soos in die vorige hoofstuk waar Paulus die dinge anderkant die graf gewys het, tog was daar soveel waarmee ons mekaar kon bemoedig. Net soos wat hfst. 4 afsluit met die woorde- *Bemoedig mekaar*...ja in dieselfde mate is vandag se hoofstuk afgesluit met *bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.*

AMEN